

**2 April**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 7**

**Fokusgedeelte: Deut 7:2b**

### **Brood nie die enigste voedsel**

Ons sê gewoonlik dat Israel in die woestyn rondgeswerf het. In vers 2 staan daar dat God hulle gelei het. Dit was geen doellose rondleiery nie. Elke daad was sinvol. Moses sê dit was om hulle nederig te laat word, hulle op die proef te stel en hulle die gebeure te laat onthou. So het selfs die kos daar 'n doel gehad. Daar was nie baie kos in die woestyn nie. Die gewone groente en vrugte het ontbreek sodat hulle honger gely het. Maar God laat dit nie sonder rede gebeur nie. Toe die volk honger was het Hy sy hand oopgemaak en manna gegee. Dit was 'n wonderwerk – hierdie brood uit die hemel (Eks 16:4; Neh 9:15; Ps 78:24; Joh 6:31).

Hierdeur praat die Here met sy volk. Moses sê: “Om julle te leer dat die mens nie van brood alleen lewe nie.” Brood is nodig, maar jy moet nie net na brood kyk nie. Kyk ook na Hom wat agter die brood sit. Wie van brood alleen wil lewe, plant en oes en maak gedurig bymekaar. Die ware lewe is wanneer jy leef van elke woord wat uit God se mond kom. God moet sy voedende krag in die spyse lê – dit seën. Dit geld van elke aktiwiteit van my. Ek moet afhanklik van God lewe. Dan werk ek hard maar steeds biddend met my oë op God gerig. Jesus het dieselfde woorde teenoor die duiwel gebruik (Matt 4). Die ware voedsel is om te leef uit die vleesgeworde Woord, Jesus. Hy is die ware brood van die lewe wat jou liggaam versorg en jou siel verkwik.

*Sing: Psalm 105:3,22*

*Ds LD Aucamp (Cullinan)*